

Skriflesing: Mattheus 13:44-58

Teks: **Mattheus 13:51-52**

Sing- **Ps. 40:2; Ps. 86:6; Ps. 33:2**

Mattheus 13:44-58

Mat 13:44 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.

Mat 13:45 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek;

Mat 13:46 en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.

Mat 13:47 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring;

Mat 13:48 en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg.

Mat 13:49 So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei

Mat 13:50 en hulle in die vuuroord gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Mat 13:51 **Jesus sê vir hulle: Het julle al hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: Ja, Here!**

Mat 13:52 **Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring.**

Mat 13:53 En toe Jesus hierdie gelykenisse geëindig het, het Hy daarvandaan weggegaan.

Mat 13:54 En Hy het in sy vaderstad gekom en hulle geleer in hul sinagoge, sodat hulle verslae was en gesê het: Waar kry Hy hierdie wysheid en kragte vandaan?

Mat 13:55 Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Is die naam van sy moeder nie Maria en dié van sy broers Jakobus en Joses en Simon en Judas nie?

Mat 13:56 En sy susters, is hulle nie almal by ons nie? Waar kry Hy dan al hierdie dinge vandaan?

Mat 13:57 En hulle het aanstoot aan Hom geneem. Maar Jesus sê vir hulle: 'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en in sy huis.

Mat 13:58 En Hy het daar vanweë hulle ongelooft nie baie kragtige dade gedoen nie.

Skriflesing: Mattheus 13:44-52

Teks: **Mattheus 13:51-52**

Sing- **Ps. 40:2; Ps. 86:6; Ps. 33:2**

Ons is by die laaste van die koninkrykgelykenisse. Broeder en suster die Here beëindig hierdie gelykenisse deur aan sy dissipels te vra of hulle al hierdie dinge verstaan het. Hulle kom met 'n antwoord wat geen twyfel laat nie- *Ja, Here!* Hoe anders is hulle antwoord as toe die Here met hierdie gelykenisse begin het. Toe het hulle nie verstaan nie. Die gelykenis van die saaiër en die gelykenis van die onkruid het die Here dit op 'n besondere manier aan hulle moes verduidelik vóór hulle enigiets kon verstaan. Soos wat die gelykenisse gevorder het, het die dissipels gaandeweg al meer insig verkry. Die verborgenhede van God se koninkryk word al duideliker. In die mate hulle kan JA, antwoord as die Here hulle die betekenis van sy laaste gelykenisse vra.

Dit is wonderlik om vir die Here te mag JA, sê. Ons het dit eintlik by vandag se Nagmaal ook gedoen. JA, gesê, toe dit vir ons moes gaan om die betekenis van die Nagmaal. JA, deur na die tafel te kom, die brood en die wyn te deel, JA, Here ek verstaan wat die Nagmaal vir my beteken....

Om dit alles vir jouself te mag uitmaak is 'n wonderlike voorreg, maar hierdie laaste van die gelykenisse wys vir ons ek mag dit wat ek ontvang het nie vir myself hou nie. Hulle wat sê dat hulle verstaan moet as gesante van God se koninkryk uitgestuur word. Hulle is nou nie as Joodse skrifgeleerdes opgelei nie maar in Christus het hulle leerlinge geword, leerlinge van die koninkryk van die hemele omdat hulle kon hoor wat die Skrifte vir Jesus beteken.

Die vermeerdering van insigte bring ook 'n groter verantwoordelikheid na vore. Die dissipels wat in die betekenis van die gelykenisse deur Jesus geleer is, moet nou ander kan leer. Daar het nuwe kennis, nuwe insigte by hulle gegroei wat hulle as 'n skat verkry het. Dit is 'n skat wat hulle nie maar net in die hart moet wegbêre dat ander nie voordeel daaruit kan verkry nie. Dit wat die koninkryk vir jou en my beteken moet begin waar die gelykenisse begin het. Ons moet saaiers wees van wat God ons leer. Weer terug by gelykenis 1!

Soos 'n verantwoordelike huisheer moet ons kan handel dryf deur ou en nuwe skatte na vore te bring. Hierdie skatte moet aan die ander gewys word, dit moet hulle aangebied word. Die baie dinge wat die gelykenisse ons geleer het, hierdie skat van insigte moet ander mense ook verryk. Soos daar nuwe dinge kon bykom, ware nuwe kennis, so moet die nuwe nie in die lig van die oue kennis verlore gaan nie. Dit wat nuut in die koninkryk deurbreek moet so deurgegee kan word dat hulle wat dit aanbied as 'n nuwe soort skrifgeleerde na vore moet kom in teëstelling met die skrifgeleerdes wat Jesus nie waarlik ken nie.

So 'n skrifgeleerde se waarde lê in die feit dat hy/sy ook ander mense dissipels van Jesus Christus wil maak. Hierdie uitdrukking om ander dissipels van die Here te maak is uniek aan Mattheus. Sommige sien selfs in die naam Mattheus die wesenlike van wat hier staan. Μαθηταῖος, "Matthew," and μαθητεύειν, "to make a disciple"... Dit verg 'n nuwe soort skrifgeleerde wat ander van die dinge kan leer. 'n Skrifgeleerde word hier gewoon as 'n gelowige voorgestel... *'n skrifgeleerde wat 'n leerling geword het.* Hierdie uitdrukking gaan daaroor om mense dissipels van die Here te maak... Niks meer en niks minder nie! So een is

soos 'n huis meester οἰκοδεσπότη (oikodespote) wat uit sy stoorkamer...uit sy skatkamer nuwe en ou dinge na vore kan bring.

Die verhouding, die verband tussen wat oud is en wat nou nuut is, is iets wat ons mooi na moet oplet. Hierdie sleutel om tussen wat oud is en wat nou nuut gemaak is, is 'n belangrike sleutel in al die gelykenisse. Jesus wat ou dinge gebruik het, saad wat gesaai word, die feit van die onkruid, die mosterdsaadjie, suurdeeg ag klomp dinge wat mense sal sê dit is bekende dinge, ou dinge, ons ken dit, maar al hierdie dinge het Jesus so op Hom kon laat saamtrek dat dit waarlik nuut is. Die koninkryk wat al hierdie gelykenisse na vore bring is 'n koninkryk wat in krag en in heerlijkheid al duideliker moet deurbreek. Dit wat vroeër geheim was, die bedoeling van God in wat sy koninkryk is word nuut na vore gebring, dit kom al duideliker na vore. Om die koninkryk net nog duideliker te maak moet Jesus se dissipels wat ook nou die ander moet leer die kuns verstaan om die oue en die nuwe tegelyk en in balans na vore te bring sodat die boodskap van die koninkryk van krag kan bly.

In die toepassing en in die aanbidding van koninkryk-dinge moet mense nooit kan kom en sê ons word moeg van dit alles wat ons nou al so baie van gehoor het nie. Daar moet in die prediking en die verstaan van die koninkryk werklik ook weer elke keer nuwe dinge na vore kan kom. Ons moet ook nuut oor die ou dinge kan dink en praat. Die Here wil dit hê! Jesus is by uitstek die Een wat telkens iets nuuts kon bekendmaak. Ons wat dieselfde koninkryk moet uitdra moet ook nuwe dinge te voorskyn kan bring sodat hulle wat ons moet hoor ook ryker kan word in wat hulle kennis van God se koninkryk is.

Ons kan Mattheus 1-13 in groot mate beskryf rondom die wonderlike dinge wat die Here geleer het en hoe mense rondom Hom vergader het en hulle die wonders gesien het wat Hy gedoen het. Maar ten spyte daarvan, het hulle teen die Here ook al hoe duideliker na vore begin kom. Wanneer Jesus die gelykenisse klaar vertel het, die skathuis van ou en nuwe dinge staan oop, dan kom die einde van Mattheus 13 nie net met die wonderlike van die krag en die heerlijkheid van God se koninkryk nie, maar daar is ook 'n voortdurende groei van teëstand teen wat die Here sê en wat die Here gedoen het.

Jesus vertrek van Kapernaum terug na sy tuisdorp Nasaret. In besonder begin Jesus in Nasaret se sinagoge te preek. Ja, kan ons aanvaar die sinagoge waar hy as kind dikwels saam met sy ouers was. Toe het Hy na ander geluister, nou moet daar na Hom geluister word. Hier

kry Hy direk te doen met diegene wat nie die ou en nuwe dinge van die koninkryk waardeer nie, wat dit nie kan raaksien nie. Hulle groei in hulle getalle, hulle groei in hulle bitterheid, dit wat al hoe erger geword het, dit het uitgeloop op die kruis. Daar staan twee gebeure na die gelykenisse wat hierdie teëstand duidelik na vore bring. Eers die mense van Jesus se tuisdorp Nasaret, sy eie mense, hulle die naaste aan Hom, hulle twyfel word die grootste. Johannes 14 berig oor Herodes se twyfel. Herodes wat gedink het Jesus is 'n opgestane Johannes die Doper... dit daargelaat...

Broeder en suster, hulle wat gedink het hulle ken die Here die beste, ons ken sy pa, ons ken sy ma, ons ken sy broers sy susters, selfs word sy pa by sy ambag genoem, *die seun van die timmerman*...die woord vir timmerman kan ook dui op messelaar, op bouwerk. Markus verwys daarna dat Jesus Self 'n timmerman was (Mark 6:3). So het Jesus die ambag van sy aardse pa gevolg. Ja Josef het klaarblyklik gesterwe nog voordat Jesus se openbare optrede begin het, maar sy broers, sy susters, wat lyk nog in die huis was, in Nasaret gebly het, hulle verstaan nie die skatte van die koninkryk nie. Die nuwe en die ou dinge wat na vore gebring is nie. Nee, hulle neem aanstoot omdat Jesus Hom dan Self as te belangrik beskou. Die woorde in vers 57 beteken letterlik "they were scandalized by him"... Hiermee besef ons dat al was daar baie mense verbaas oor wat Jesus gedoen het, beteken hierdie verbasing nie noodwendig dat hulle geglo het nie. Verbasing is geen plaasvervanger vir geloof nie. Verbasing kan maak dat mense bevooroordeeld en skepties is. Om teenoor Jesus bevooroordeeld te wees is van die eerste gevaarlike dinge wat hier plaasgevind het. Dit maak mense net nog harder in hulle ongeloof.

Wie die koninkryk van God wil binnegaan, dit waaroor al hierdie gelykenisse gehandel het, so een moet vanuit die skat van die gelykenisse, homself / haarself kan verantwoord oor Wie Jesus Christus werklik vir jou en my is. Die vraag na Wie het hierdie gelykenisse vertel, die vraag na hierdie Nagmaal, die vraag waarmee ons weer die lewe moet ingaan- Wie Jesus Christus werklik vir jou en my is, is die vraag waarmee ons hierdie diens moet afsluit, is die vraag na Jesus se identiteit. Selfs iemand soos Johannes die Doper het hiermee moeilikheid gekry (Matt.11), so maklik kan dit ook met ons gebeur. In Mattheus 16 bereik hierdie vraag na die identiteit van Jesus ook weer sy hoogtepunt. Mag dit vir ons 'n hoogtepunt wees om Hom, Jesus Christus te mag ken, te mag dien, met Hom te mag lewe, dat Hy wel reg gedien word omdat Hy is wat Hy is, die Christus die Seun van die lewende God.

AMEN